

JUNIE: God se vernuwingswerk deur die Heilige Gees

Woensdag 12 Junie

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 15:1-19 (AFR83)

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 15:2

As die Here Hom laat vind

Ons Skrifgedeelte beskryf hoe daar in die regeringstyd van koning Asa van Juda 'n wonderbaarlike verandering plaasgevind het. Mense wat voortdurend deur onrus en geweld bedreig is en nêrens veilig kon kom of gaan nie, het 'n lang tydperk van vrede beleef, met "rus na alle kante toe". Dit het so goed gegaan dat talle mense, selfs immigrante, besluit het om in Juda te kom woon.

Waar het hierdie voorspoed vandaan gekom? Om dit te verstaan, moet ons eers insien wat die rede vir die onrus en onveiligheid was. Die profeet Asarja maak dit duidelik bekend: Israel het sonder die woord van God gelewe. Die gevolg was dat hulle ook sonder die ware God geleef het en hulle tot afgode gewend het. Toe het die Here hulle verlaat en die magte van chaos en geweld toegelaat om onrus en nood oor hulle te bring.

Die keerpunt het gekom toe die volk hulle tot die Here bekeer, weer na sy wil gevra en hulle met 'n verbond aan Hom verbind het. Hierin het hulle koning die leiding geneem. In die feit dat hulle dit met soveel oorgawe, met hart en siel, en met groot vreugde gedoen het, sien ons die genadige werking van God deur sy Gees in mense se lewens. Dit is net die Here wat mense so kan bekeer.

Dit neem egter nie die mens se verantwoordelikheid weg nie. Om met hart en siel die Here in alles te soek, getrou volgens sy woord te lewe en Hom biddend om sy genade te smee, bly steeds ons roeping. Kom ons laat ons midde-in ons eie omstandighede ook vandag deur die eenvoudige en troosryke waarheid van vers 2 lei: "As julle by die Here is, sal Hy by julle wees."

Sing: Psalm 31-1:1, 15, 17

Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)